Connect met Mening!

Besprekingstukke vir selgroepe (Leiersgids)

Inhoudsopgawe

	bl
Inleiding	3
Tydlyn (Al die belangrike datums en gebeure)	4
8 Mei Week 1 – BUITEKANT	6
15 Mei Week 2 – WEGGESTOOT	9
22 Mei Week 3 – GRENSGEVAL	12
29 Mei Week 4 – VASGEHAAK	15
5 Junie Week 5 – KULTUURSKOK	18
12 Junie Week 6 – EEN	21

Inleiding

‘n Jaarlikse veldtog van so ses weke het ‘n instelling by Vredelust geraak. Deur die jare het dit ‘n groot bydrae gelewer in die mobilisering van gelowiges en die gemeente.

Die doel van die veldtog vanjaar is die volgende:

- Om vir ‘n periode van tyd (8 Mei – 12 Junie) ***spesiaal gefokus*** te wees op wat dit beteken om volgeling van Jesus te wees
- Om weer (meer) ***passievol*** te raak oor Jesus
- Om met nuwe ***commitment*** te lewe as koninkryksmens in ‘n (toenemende) post-Christelike kultuur – ‘n radikale toewyding aan ons Verlosser

> **pas´sie**[1] (-s)
>
> **1** Drif, hartstog, onweerstaanbare drang
>
> **2** Hartstogtelike liefde

Jou geloofslewe is iets wat lek – voor jy jou kan kry het jou passie bietjie verminder. Jesus praat meet een van die eerste gemeentes en noem dat hulle hul eerste liefde verlaat het. ‘n Mens skuif so maklik jou fokus. Meestal is dit nie ‘n daadwerklike keuse wat jy maak nie, dit gebeur geleidelik totdat jy eensklaps ontdek: ek is nie meer waar ek was nie.

My wens vir jou as huisgroepleier is dat jou passie vir Jesus weer aangevuur sal word in hierdie tyd van die veldtog. Dat jy van voor af verlief sal raak op Hom, want Christenskap het alles met Jesus te doen. Haal Jesus weg en daar bly niks oor nie – net die poging om ‘n goeie lewe te probeer lei met goeie werke.

In my eie hart is dit opwindend om net weer ‘n nuwe passie vir Jesus te ontwikkel. Om sy grootsheid te besef. Om weer aan sy voete te val en Hom al ons toewyding moontlik te gee – nie uit skuldgevoelens, verpligtinge, of vrees nie, maar omdat jou hart vasgevang is met ‘n hartstogtelike liefde vir die grootste Persoon wat ooit op hierdie aarde geleef het, Jesus Christus die Messias.

Hiermee bedoel ek nie die goedkoop “happy-clappy Jesus-talk” wat in baie godsdienstige gesprekke insluip deesdae nie. Dit gaan nie om die bywoon van saamtrekke en eredienste nie – dit gaan daarom dat die Naam van Jesus geëer word op ‘n manier wat sy skoonheid reflekteer en sy Persoon eer. *To you who fear My name the Sun of Righteousnous shall arise with healing in His wings.* Mal 4:2

Leon Oosthuizen

Tydlyn

Datum	Tot	Aksie
08-Apr		**Bekendstellingpamflette** A5 gedruk
		Responskaarte vir inskrywings gedruk
		Door hangers vir almal wat inskryf gedruk
		Groot door hanger vir Ouditorium / restaurant / voorportaal gehang
		"Connect met mening" Besprekings-gids voltooi en op website
10-Apr		**Pre-campaign** Sondag - **1**
		Begin inskrywings; deel doorhangers uit
11-Apr		**Leierskapsaand:** Inligtingsaand en bekendstelling van Campaign
		Alle riglyne en inligtingstukke voltooi en beskikbaar op website
17-Apr		**Pre-campaign** Sondag - 2
		Verdere inskrywings; deel doorhangers uit
18-Apr		**Connect-aand in Konferensielokaal**
1-Mei		**Pre-campaign** Sondag - 3
		Handel inskrywings af; deel doorhangers uit
		DVD met Video-insetsels vir selbesprekings en **Worship DVD** beskikbaar
4 -Mei		**WORSHIP CELEBRATION**
		Alle **Dagstukkies klaar** en **email-lys gefinaliseer**
8 Mei		**WEEK 1 - BUITEKANT**
		Prayerwalk vanaf Vredelust Gemeente 18:00 (tieners sluit 18:00 aan)
		Dagstukkies + **gebedsbulletin** begin uitgaan op e-mail
		"Beads" word uitgedeel
11 Mei		EERSTE SELBYEENKOMS
	vanaf	**Prayer-walks** (selgroepe in buurte 20-30 min voor of na selbyeenkoms)
	vanaf	**Huispartytjies** (selgroepe reël self datum iewers in Mei)
		Vasdag 1 (vir mense wat elke Woensdag vas - vrywillig)
14 Mei		**Selleiers na Khayelitsha**

15 Mei		**WEEK 2 - WEGGESTOOT**
16-Mei		**Gebedsevangelisasie** (huis-tot-huis). “Sweets” gee met blessing/gebed
17-Mei		**10 dae Vas** begin met sononder (vrywillig)
18-Mei		TWEEDE SELBYEENKOMS
		Vasdag 2 (vir mense wat elke Woensdag vas)
22-Mei		**WEEK 3 - GRENSGEVAL**
25-Mei		DERDE SELBYEENKOMS
		Vasdag 3 (vir mense wat elke Woensdag vas)
27-Mei		10dae vrywillige vas maak klaar met sononder
27-Mei	29-Mei	**Hartklop**
28-Mei		**LOVE DAY (Khayelitsha / Durbanville)**
29-Mei		**WEEK 4 - VASGEHAAK**
01-Jun		VIERDE SELBYEENKOMS
		Vasdag 4 (vir mense wat elke Woensdag vas)
05-Jun		**WEEK 5 - KULTUURSKOK**
08-Jun		VYFDE SELBYEENKOMS
		Vasdag 5 (vir mense wat elke Woensdag vas)
12-Jun		**WEEK 6 - EEN (CELEBRATION SUNDAY)**
15-Jun		SESDE SELBYEENKOMS
		Vasdag 6 (laaste vasdag vir mense wat elke Woensdag vas)

Week 1: Buitekant

Prioriteite is belangrike goed. Kyk maar na die lewe van enige groot leier en jy sal sien hoe hy of sy prioriteite stel. Vir Jesus was sy Vader se passie vir mense BUITEKANT sy koninkryk prioriteit nommer een:

Toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: "Gesonde mense het die dokter nie nodig nie – die siekes wel. Ek het gekom om sondaars na die koninkryk te nooi, nie mense wat dink dat hulle alreeds goed genoeg is nie."

Die godsdienstige mense van sy tyd kon dit nooit begryp nie. Hulle was so besig met hulle eie vroom lewens van goeie werke dat hulle glad nie omgegee het vir 'n stukkende, hopelose wêreld nie. Jesus het Hom dan ook die gramskap van hierdie mense op die hals gehaal omdat Hy geassosieer het met allerhande soorte mense buite die koninkryk – veral ook hulle wat as die "groot sondaars" van hulle tyd bekend gestaan het, soos egbrekers en belastinggaarders.

Kom ons maak seker dat ons ons prioriteite reg het as volgelinge van Jesus. Mag daar 'n nuwe deernis en sagtheid in ons hart kom teenoor hulle wat nie deel van die koninkryk van die lewende God is nie. Mag ons omgee vir hulle en met 'n diep liefde uitreik na hulle.

> Christians are too concerned with converting people. They are insincere. All I ever hear is "get saved!" I tried that whole "Jesus thing" already. It didn't work for me before, and I am not interested now.
>
> Shawn, 22

Perception **Christians are insincere and concerned only with converting others.**

New Perception **Christians cultivate relationships and environments where others can be deeply transformed by God.**

"Our research amongst outsiders shows that Christians have a reputation similar to that of Mormon evangelists. When it comes to matters of faith, young outsiders feel they know what Christians want before any words are uttered. Most reject the idea that Christians show genuine interest in them as individuals. Even if our intentions seem pure to us, outsiders often feel targeted, that we merely want another church member or a new notch in the "get-saved" belt. While we are trying to convey the most important message in human history – that Jesus offers a new life through faith in Him – something gets lost in translation."

Unchristian - David Kinnaman

WELKOM

Crazy-wrap: Die fassiliteerder draai voor die tyd ‘n klein geskenkie (soos ‘n sjokolade) in baie lae geskenkpapier/koerantpapier (ten minste 10 lae) toe en plak elke laag stewig vas. (Maak seker elke laag is lekker stewig vasgeplak dat dit nie te maklik is om los te kry nie.)Laat groeplede nou in ‘n kring sit en speel vrolike musiek. Sodra die musiek begin moet die geskenk aangegee word na die volgende persoon. Sodra die musiek stop kan die persoon wat dit vashou van die geskenkpapier afhaal. As die musiek weer begin moet hy stop en dit aangee. Die persoon wat die laaste laag geskenkpapier afhaal kan die geskenkie hou.

WORSHIP

Jerry Kerns - "*The whole person, with all his senses, with both mind and body, needs to be involved in genuine worship.*"

Kies hierdie week 1 van jou gunsteling ‘worship’ liedere op cd. Laat die groep saam sing, of net eenvoudig in die teenwoordigheid van God ‘**wees’.** Moedig groeplede aan om uit te sprei en ‘n plek in die vertrek te vind waar hulle spontaan kan wees en God kan aanbid. Word bewus van sy teenwoordigheid en sy liefde vir jou en vir ander.

WOORD

Lees die volgende twee tekste:

Handelinge 16:25-34

25Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing. Die ander gevangenes het na hulle geluister. 26Skielik kom daar ’n groot aardbewing sodat die fondamente van die tronk geskud het. Al die tronkdeure het oopgevlieg en al die gevangenes se kettings het losgekom! 27Die tronkbewaarder het wakker geword en die tronkdeure wawyd oop sien staan. Hy het aanvaar die gevangenes het ontsnap, en sy swaard uitgetrek om homself dood te maak. 28Maar Paulus het met ’n harde stem geskreeu: “Moenie jouself iets aandoen nie! Ons is nog almal hier!” 29Die bewaarder het toe ’n lig gevra en die sel ingestorm. Hy het begin bewe en voor Paulus en Silas neergeval. 30Hy het hulle toe buitetoe gevat en gevra: “Menere, wat moet ek doen om gered te word?” 31Hulle het hom geantwoord: “Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en al die lede van jou huishouding.” 32Hulle het toe die woord van die Here aan hom en aan al die mense in sy huishouding verkondig. 33Al was dit reeds baie laat in die nag, het hy Paulus en Silas se wonde versorg. Hy is toe daar en dan gedoop, en ook al sy mense. 34Toe bring hy hulle in sy huis in en sit vir hulle ’n ete voor. Hy en sy hele huishouding was baie bly omdat hulle nou in God geglo het.

Romeine 10:9-15

9Want as jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. 10Want as ons glo met ons hart, word ons vrygespreek en as ons met ons mond bely, word ons gered. 11Soos die Skrif sê: “Wie in Hom glo, sal nie beskaamd staan nie.” 12Inderdaad! Dit maak geen verskil of jy ’n Jood of ’n nie-Jood is nie. Ons het almal dieselfde Here en Hy deel sy rykdomme uit aan almal wat Hom aanroep. 13Want “elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word”.
14Maar hoe sal hulle Hom aanroep as hulle nie in Hom glo nie? En hoe sal hulle in Hom glo as hulle nog nooit van Hom gehoor het nie? En hoe sal hulle van Hom hoor sonder dat daar iemand is wat die boodskap bring? 15En hoe sal hulle die boodskap bring as hulle nie gestuur word nie? Daarom sê die Skrif: “Hoe lieflik klink die voetstappe van hulle wat die Goeie Boodskap bring!”

1. Watter beginsels bied hierdie tekste aan ons oor hoe om die evangelie eenvoudig oor te dra?

2. Wat sal jy alles vir iemand wou sê wanneer jy die geleentheid het om oor jou geloof te praat? Praat met mekaar oor hoe sulke gesprekke gefasiliteer kan word om mense te begelei om in Christus as Verlosser te glo.

3. Mense wat buitekant die kerk en die Christelike geloof staan ervaar kerkmense (Christene) baie keer as krities en veroordelend. Is dit so en indien wel hoekom? Hoe kan daar uitgereik word na sulke mense?

4. Bespreek die volgende stelling: "Jou dade spreek harder as jou woorde." Is dit ook nodig om te kan praat of moet ons maar net probeer om "nice" mense te wees?

BEDIEN MEKAAR

Getuienis word gebore in nuwe harte; harte wat bloei vir mense wat ver van God af leef. Getuienis begin wanneer my eie hart aan die brand is vir mense wie se finale adres die doderyk is. Dit begin wanneer ek agterkom my kollega by die werk, met haar fantastiese kwaliteite en al, is 'n kandidaat vir die dood terwyl ek die sleutel tot die ewige lewe in my hand ontvang het, met komplimente van Jesus Christus. (Joh. 20:19-25).
Slegs wanneer my hart en ander Christene se harte weer begin bloei omdat meer as vier biljoen mense op aarde niks van Jesus Christus se liefde weet nie, sal my en ander Christene se monde en hande oopgaan en in beweging gaan met goeie nuus. Slegs wanneer ons begin huil en treur, wanneer ons begin smeek en pleit by God, sal ons weer die goeie nuus begin uitdra. Dan gaan ons weer begin weggee.

Bid vir mense wat swaar op jou hart lê en teenoor wie jy graag wil getuig. **Bid** vir vrymoedigheid, gehoorsaamheid en vir geleenthede om by hierdie persone uit te kom met die liefde van Christus en die evangelie.

WÊRELD

Vandag se mense het Goddelike redding ewe veel as gister en eergister nodig, maar hulle sal op nuwe maniere deur die kerk bereik moet word. Daarom is deeglike kennis van die nuwe omgewings waarbinne ons daagliks werk en leef bitter nodig. Ons sal moet doen wat Numeri 13 se verkenners gedoen het.
Terloops, wat het hulle nou weer gedoen? Wat kan ons leer uit die feit dat 'n groot leier soos Moses dit nodig geag het om twaalf verspieders na Kanaän toe te stuur?

- Hoe lyk die profiel van nie-kerklikes in ons omgewing?
- Hoe kan julle vriende word van kerklose mense in julle eie omgewing?
- Watter omgeedinge kan julle doen om hulle te bereik?
- Skryf die name neer van mense wat jy weet die Here nodig het en Hom nog nie ken as persoonlike Saligmaker nie.
- Wat gaan jy en die selgroep spesifiek begin doen om bogenoemdes te help?
- HUISPARTYTJIES is 'n informele en sosiale manier om uit te reik na ander. Julle selgroep kan so 'n huispartytjie reël sodat die fokus tydens die veldtog verskerp kan word rondom buitestaanders. Vgl die dokumente beskikbaar hieroor op die veldtogblad op ons webtuiste.

Week 2: Weggestoot

Geregtigheid ("justice") is 'n woord wat vir heelwat maar moeilik op die oor val. Vir baie het dit politieke konnotasies, vir ander kom dit baie na aan jou lyf en maak dit jou ongemaklik en selfs skuldig voel. Tog kan ons nie ons rug draai op hierdie diep Bybelse begrip nie, want as Jesus-volgelinge hoor ons die woorde van Jesus daar teen die berghange van Palestina diep ego in ons eie harte: "*Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid.*" (Mat 6:33).

Die lewe en leringe van Jesus maak dit duidelik dat alle Christene die saak van armes (hulle wat weggestoot is uit die samelewing agv ekonomiese sisteme, ens.) ernstig behoort op te neem. Jesus is die fondasie van die Christelike geloof en die rolmodel vir Christelike gedrag in die samelewing. In sy lewe op aarde het Hy 'n diep omgee getoon vir alle mense wat deur die samelewing gemarginaliseer is – armes, weduwees, kinders en siekes. Baie van sy stories en handelinge illustreer hoe na aan die hart die verligting van menslike nood vir hom was.

Dis duidelik volgens Jesus (vgl die verhaal van die Goeie Samaritaan in Lukas 10):

- Om menslike nood te verlig, is 'n primêre manier om medemense lief te hê
- Om medemense lief te hê is 'n noodsaaklike voorwaarde om die ewige lewe te ontvang

Ons kan dus nie 'n dowe oor draai nie, al maak dit ons hoe onseker en ongemaklik. Dit loop soos 'n goue draad deur die Bybel: *God is attracted to weakness.* Dis as't ware of God Homself nie kan help wanneer die menswaardigheid van sy beeld (Imago Dei) aangetas word nie. Daar is soveel wat onregverdig behandel word in die lewe en nie die nodige mag het om iets daaraan te doen nie. Mag ons steeds 'n sagte plek hê vir die magteloses, die verworpenes en uitgestotenes in ons samelewing. Mag daar in ons hart plek wees vir hulle met etikette soos gays, persone van 'n ander ras, HIV-positiewes, gestremdes, snaakses, moeilikes ens. Wat en wie is in elk geval "normaal"?

When I needed a neighbor were you there?

6 As 'n mens kom om die Here te aanbid, wat moet jy saambring? Moet ons God aanbid deur jaaroud kalwers te offer?
7 Sal dit vir die Here aanvaarbaar wees as ons duisende ramme offer of tienduisende strome olyfolie aanbied? Sal dit Hom bly maak as ons ons oudste kinders offer om te vergoed vir ons sonde?
8 Nee, Hy het reeds gesê wat reg is. Die Here verwag van julle om reg te laat geskied, om liefde en trou te bewys, en om nederig voor God te lewe.

Miga 6

WELKOM

Laat elke groeplid vertel – wat was jou gunsteling speelplek toe jy ‘n kind was?

WORSHIP

Charles H. Spurgeon - *"God is to be praised with the voice, and the heart should go therewith in holy exultation."*

Lees hierdie week die Onse Vader (Matt 6:9) stadig hardop voor. Lees reel vir reel en gebruik 15 minute om die gebed te voltooi. Gee genoeg geleentheid dat groeplede dit wat gesê word kan indrink en die werklike diep betekenis van elke woord kan ontdek.

WOORD

Daar word deurlopend vertel in die evangelies hoe Jesus dit gewaag het om nader te gaan aan die wat deur die samelewing weggestoot en verwerp is. Hy het teen reëls en regulasies in gegaan en ‘n nuwe verstaan van godsdiens kom modelleer. Sy manier van met mense omgaan, kan in twee woorde saamgevat word – Hy het eers gesien (hoe God na ‘n persoon kyk, God se visie) en dan het Hy nader gegaan. Dit was direk teenstrydig met hoe die Farisieërs en ander gelowiges hul godsdiens geleef het. Hul het swart en wit reëls gehad wat bepaal het wat hul visie van ander is, en dit het hul op ‘n afstand laat bly staan. Jesus het gekom om ons te kom genees van geestelike blindheid – die onvermoë om met God se oë na ander te kyk. Wanneer ons met God se hart voel, sal ons nader gaan en buite ons roetine en selfgesentreerde bestaan tyd afstaan aan die magteloses, uitgeworpenes en weerloses.

Lees Joh 9:1-12

Wat sê hierdie gedeelte vir ons?

1. Terwyl Jesus en Sy dissipels stap, sien hul ‘n bedelaar wat blind is. Wat was die dissipels se eeste reaksie? Hoe het hulle na hom en sy situasie gekyk?

   Die dissipels het met ‘n oog van veroordeling na die blinde man gekyk. Hul eerste reaksie was nie medelye en omgee nie, maar om sy siekte te koppel aan sonde en om ‘n rede te vind vir sy toestand/”straf”. Is dit nie baie keer hoe ons na ander kyk nie? Met ‘n oog van veroordeling wat ander se situasie analiseer en probeer verklaar. Dan kom ons baie keer tot die gevolgtrekking dat mense dit wat hul oorkom verdien, met die gevolg dat ons onsself onttrek en nie wil deel vorm van hul “sondige” leefwyses nie.

2. Wat het Jesus gesien toe Hy na die blinde man gekyk het?

   Jesus het ‘n geleentheid gesien vir bonatuurlikheid. Hy het ‘n visie gesien van wie hierdie persoon kan wees met God se ingryping, Hy het met ander oë na die blinde man gekyk, met God se oë. Hierdie visie het Hom laat nader gaan waar Hy die blinde man aangeraak het, dus het Hy by hom stilgestaan

en tyd spandeer. Die manier wat die dissipels na die man gekyk het (uit veroordeling) het hul laat bly op ‘n afstand waar hul die situasie kon bespreek en bekyk sonder om daadwerklik betrokke te raak.

BEDIEN MEKAAR (Wat beteken dit vir my eie lewe / selgroep)

3. Met watter oë kyk jy na ander? Sien jy net die omstandighede raak en hoe die persoon daar beland het, of sien jy wat Jesus sien – ‘n geleentheid vir God om Homself te wys in ontmoontlike omstandighede? Dink aan voorbeelde waar jy beide al beleef het.

Ons almal is skuldig daaraan dat ons partykeer ander op ‘n afstand hou omdat dit vir ons gemaklik is. Maar daar is ook kere waar God twee mense se paaie laat kruis en waar ons gehoorsaam is en dit waag om nader te beweeg. Die Gees lei ons om met ander oë na ander se situasies te kyk en skielik gebeur daar iets bonatuurliks – ons sien wat God sien, ons word vir ‘n oomblik genees van ons geestelike blindheid.

4. Deel ervarings met mekaar waar jy nie ingepas het nie of nie deel gevoel het van die groter groep/meerderheid nie. Hoe het dit jou laat voel?

Wanneer mens weggestoot word uit die samelewing deur ander, word jou menswaardigheid van jou af weggeneem. Direk en indirek word daar aan jou gekommunikeer dat jy nie goed genoeg/waardig genoeg is nie. Almal van ons het dit al op ‘n sekere manier ervaar. Dit laat jou twyfel in jouself, in wie jy is, en nog belangriker – wie jy is in God. Wanneer ons ander uitsluit op grond van kleur, seksualiteit, fisiese welstand ens., stel ons onself bo hulle en kommunikeer aan hulle dat hulle nie waardig is om deel te wees van die Liggaam van Christus nie.

WêRELD (Wat beteken dit vir die wêreld waarin ek woon?)

5. Wie is die “blinde mans” van vandag se samelewing? Met watter groepe mense keer veroordeling ons om te naby te beweeg en liewer uit gemak ons afstand te hou?

Die gemarginaliseerders van vandag is gays, mense met HIV, gestremdes, anderskleuriges, armes, die wat sielkundig versteurd is ens.

6. Bespreek hoe mens doelbewus te werk kan gaan om sulke mense in te trek en deel te maak van die Liggaam. Dink aan spesifieke gevalle in die gemeente of in jou gemeenskap.

Die wagwoord is tyd. In ‘n ‘kits’ wêreld is dit ‘n groot uitdaging om stil te staan by ander en geduldig te wees met die wat anders is as ons. Jesus het stilgestaan by die blinde man en die tyd geneem om klei uit grond te vorm sodat Hy hom kon genees. Om tyd saam met so ‘n persoon te spandeer, maak dat ons in hulle wêreld inklim en ‘n nuwe verstaan kry van wat hulle moet voel, ervaar, beleef. Om ander se storie te hoor en saam met hulle die storie te help herskryf, bring aanvaarding, hoop en menswaardigheid by hulle.

Week 3: Grensgeval

Dis ‘n algemene verskynsel in kerke dat vir baie Christene redding eintlik maar net so ‘n versekeringpolis is dat hulle hemel toe kan gaan wanneer hulle doodgaan. Daar bestaan nie ‘n aktiewe geloofslewe nie en uit hulle leefwyse en gedrag kan jy ook nie juis agterkom dat hulle volgelinge van Jesus is nie.

In die Christelike geloof gaan alles om Jesus - om ‘n volgeling van Hom te wees elke dag, om Hom te aanbid met alles wat jy het, om in sy koninkryk volgens sy beginsels te lewe. Haal Jesus weg en niks bly oor nie – ‘n godsdienstige lewe is nie goed genoeg nie. Hy is die Een waarom alles gaan. Dis die boodskap van die Bybel:

Ons kan God nie met ons oë sien nie. Sy Seun is egter die beeld van God. Deur na Hom te kyk, sien ons wie en hoe God is.

Niks in die skepping kan met Hom vergelyk word nie. Hoekom nie? Net mooi alles, of dit nou in die hemel of op die aarde is, is deur Hom gemaak. Of jy dit kan sien of nie, of jy dink dit is sterk of nie, of jy daarvoor wil neerval en dit aanbid of nie, maak nie saak nie—alles is deur Hom gemaak. Alles wat gemaak is, moet daarna streef om Hom gelukkig te maak. Voor enigiets anders gemaak is, was Hy mos al daar. Boonop is Hy ook die Een wat sorg dat die heelal nie in duie stort nie.

Die kerk kan met ’n liggaam vergelyk word. Die belangrikste deel, die kop van die liggaam, is God se Seun. By Hom het alles begin en Hy neem in alles die leiding. Hy het eerste uit die dood opgestaan. God het mos self besluit om volledig by sy Seun te wees. Hy het daarvoor gesorg dat alles in die skepping weer in die regte verhouding met Hom gestel word. Hy is mos die doel waarom alles geskep is. Dit het Hy gedoen deur die onderlinge verhoudings in die skepping weer reg te stel, of dit nou op die aarde of in die hemel is. Dit het nie sommer so gebeur nie. Dit was duur. Dit het Hom sy bloed gekos wat aan die kruis geloop het.

Kolossense 1:15-20 Die Boodskap

WELKOM

Laat elke groeplid vertel – wat is die “weird-ste” ding wat hulle al ooit geëet het.

WORSHIP

Jack Hayford - "*Worship changes the worshiper into the image of the One worshiped*"

Kry ‘n groot stuk papier en nooi groeplede uit om woorde neer te skryf wat God beskryf.

Begin nou ‘n spontane tyd van lof en dank waar God geprys en gedank word vir wie Hy is!

WOORD, BEDIEN MEKAAR EN WêRELD

Hierdie kan ‘n baie besondere aand wees waar groeplede kans kry om oor hulle verhouding met Jesus te dink, met ander te praat daaroor en opnuut mekaar te inspireer om opgewonde te wees oor Jesus en oor jou volgelingskap van Hom. Passie is iets wat maklik verflou. Ons raak ook so maklik besig met ander sake in die geloofslewe, dat ons kan vergeet om weer en weer ons fokus te plaas op die persoon wat ons aanbid - Jesus.

Gebruik Kolossense 1:15-20 soos hierbo aangehaal om Jesus groot te maak (liedere wat gesing word of na geluister word kan ook gebruik word om aan ons Koning hulde te bring – ander Skrifgedeeltes kan ook gelees word).

Gebruik die aand grootliks om oor Jesus te praat en Wie Hy vir julle is. Sluit dan die aand af deur Jesus te aanbid.

1. Laat elke persoon ‘n minuut of twee gebruik om te beskryf hoe sy of haar pad met die Here verloop het – hulle storie saam met Jesus. Let daarop dat party nie te lank praat sodat ander nie kans kry nie. Kontrakteer hoeveel tyd elkeen kry.

2. Om verlief te wees is ‘n wonderlike gevoel – hoe kan ‘n mens verlief wees op Jesus? Is dit hoe jy huidiglik oor Jesus voel?

3. Gebruik kreatiewe maniere om Jesus te aanbid – Skrifgedeeltes, liedere, gedigte, voordragte – laat persone ‘n liefdesbrief skryf aan Jesus ens. Daar kan ook met groot vrug van hierdie elemnte voor die tyd met groeplede gereël word bv om ‘n gunstelinglied te bring wat Jesus besing. Sluit die aand af deur net in aanbidding voor Hom te wees.

The mystery of God is this…
That the One who is the visible image of the invisible God;
the One in whom all the fullness of the Godhead dwells;

the One who is the living residence of the Trinity;
the One in whom eternity lives, breathes and has its being;
the One who is before time;
the A to Z, Alpha and Omega, the beginning and the end;
the Firstborn of the created universe, who rose from the dead never to die again;
the Conqueror of death, sin, and the grave;
the Creator, Saviour, Redeemer and Forgiver;
the One who holds all creation together in Himself;
the One who is the power of glory and might;
the Head, authority, and source of the church;
the One through whom and for whom all things are created;
the One in whom all things find their meaning and reality;
the One who reconciled all things in heaven and earth to God;
The One who nailed to His bloody cross every law, every rule, and every regulation that would condemn the beloved people of God;
the One who I supreme in every realm and holds the first place in all things – the Son of the Father's love;
the One whose significance is unmatched in human history;
the One who holds the title deed to the universe…

This glorious, limitless, amazing, incredible, expansive, incomparable, marvellous, stunning, staggering, majestic, mighty, matchless, spectacular, outstanding, tremendous, immense, infinite, vast, grand, triumphant, victorius, precious, radiant, peerless, wonderful, magnificent Christ has chosen to place all of His fullness where?

Inside of you!

"Die geheim is: Christus leef in julle. Dit is die waarborg dat julle in die hemelse heerlikheid sal deel." Kol 1:27 NLV

Week 4: Vasgehaak

Dit gebeur nogal dikwels dat dit vir mense voel dat hulle lewens so vasgehaak het – dis asof alles maar net dieselfde vir hulle bly – dieselfde probleme, dieselfde omstandighede, dieselfde mense rondom jou. Dis of jy vasgevang geraak het in 'n plek waar jy nie wil wees nie.

- **Weet: jy kan losbreek indien jy regtig wil! Jy hoef nie 'n slaaf van mislukking te wees nie. Jy hoef nie ander te blameer nie**.

  Indien jy al jou probleme toeskryf aan die duiwel of jou oupa-grootjie, dan sal jy nooit deurbrake beleef nie – indien jy aanhou om ander te blameer: die kerk, die regering, die ekonomie, die dominee, die duiwel of selfs God, dan sal jy 'n beperkende lewe lei. Dis tyd om verby jou omstandighede te kyk, verby die situasie in die land en die ekonomie, verby die duiwel en na Jesus te kyk.

- **Verstaan die guns van God**
  Al die beloftes van God is JA in God en kom in verwesenliking deur ons AMEN en saamstem. Dis daar vir ons groei, vrugbaarheid, sukses en ontwikkeling (2 Kor 1:20).

  We need to know the favour of God in our lives and the certainty of His goodness towards us. If you know that God is for you and that He is looking to bless you, make you succesfull and see you go ahead in your life and ministry, then you will become free.

- **Deurbrake is kragtig, maar deurbrake kan pynlik wees!**
  Om geboorte te gee is geweldig pynlik. Net so is enige deurbraak pynlik, veral wanneer God iets groter wil laat gebeur as waarvoor jy miskien gereed is.
  Om deur beperkings te breek is pynlik omdat dit jou rek en strek.

- **Neem inisiatief**
  "*Alles wat jy doen, moet jy opdra aan die Here, dan sal jou planne slaag.*" Spreuke 16:3
  Dit kom voor dat ons planne moet hê en maak wat in nederigheid aan die Here oorgegee moet word. Soos ons beplan, lei Hy ons en stuur Hy ons. Jy moet daarom nooit tevrede wees met die status qou nie.

  Show me a thoroughly satisfied man and I will show you a failure.

  Thomas Edison

WELKOM

Wie voel vere? – Die fassiliteerder kry ‘n paar ligte vere (vrylik beskikbaar en goedkoop by enige craft-winkel – genoeg dat elke groeplid ten minste een het). Laat elke person sy/haar eie veer kies. Almal kyk op na die dak en plaas hulle veer op hulle mond, plaas dan jou hande agter jou rug. Op ‘n bevel begin almal gelyk en probeer jou veer so lank moontlik in die lug hou slegs deur dit te blaas. (Dit sou ook met balonne kon werk, maar sal langer neem om te voltooi.)

WORSHIP

Lamar Boschman - *"When I worship, I would rather my heart be without words than my words be without heart."*

Moedig groeplede aan om hul diepste verlangens en intiemste gebede neer te skryf. Maak al die stukkies papier bymekaar en – sonder om dit te lees – plaas dit in ‘n ontflambare houer en steek aan die brand as ‘n offer vir die Here.....of moedig hulle net doodgewoon aan om na God te luister en die antwoorde wat hul kry, neer te skryf.

WOORD

Het jy al ooit die belewenis gehad dat jy vasgehaak het? Jy het met groot entosiasme weggetrek en mooi gevorder en ewe skielik kom jy agter dat jy net nie meer vordering maak nie. Daar is iets wat jou terughou en hoe harder jy probeer vorentoe beweeg, hoe meer staan jy stil.

Jesus se dissipels, Simon, Jakobus en Johannes het dieselfde belewenis gehad.

Lees Lukas 5:1-11

Hulle was gesoute vissermanne en tog was hulle heelnag op die water sonder om ‘n enkele vis te vang. Dit was nie omdat hulle lui was of nie hard probeer het nie, want Simon sê aan Jesus in v5 “ons het die hele nag deur geswoeg sonder om iets te vang”. Tog het sukses hulle ontwyk en frustrasie was hulle voorland.

Wat sê die gedeelte vir ons?

1. Terwyl Simon na ‘n nag se frustrasie staan en sy leë nette was, klim Jesus is sy boot en vra hom om die boot ‘n entjie in die water uit te stoot. Kort hierna gee Jesus hom advies wat lei tot ‘n rekord-vangs. Wat sou gebeur het as hy Jesus se aanvanklike versoek geweier het? Wat leer ons hieruit?

2. In opdrag van Jesus vaar Simon uit met dieselfde boot, dieselfde net, dieselfde bemanning en gaan vang op dieselfde plek as die vorige nag. Wat wil dit ons leer van die manier waarop die Here deurbrake in ons lewe laat plaasvind, maw wat kom eerste – eers die verandering in omstandighede of eers die gehoorsaamheid aan sy spesifieke opdrag?

BEDIEN MEKAAR **(Hoe raak dit jou?)**

3. Net na ‘n groot nederlaag laat beleef Jesus vir Simon ‘n rekord-vangs om aan hom te wys dat hy nie ‘n mislukking is nie en dat enigiets moontlik is. Is daar ‘n area van jou lewe waar jy soos ‘n mislukking voel, of net ervaar dat jy nie vordering maak nie? Is daar ‘n swak gewoonte of ‘n stuk seer wat jou verhoed om vorentoe te gaan?

4. Het jy al vir Jesus toegelaat om in die boot van jou mislukking/struggle/swaarkry/seer te klim en vir jou te sê wat om te doen of is jy te bang vir wat die antwoord gaan wees? Weet jy dalk reeds wat om te doen maar kan net nie die moed bymekaarskraap om dit te doen nie? Hoe kan die ander sellede jou help om daardie stap van geloof te neem?

WêRELD **(Hoe raak dit die wêreld waarin jy elke dag leef?)**

5. Alle verandering begin met een aksie stap. Een eerste tree in die regte rigting. As iemand vir jou sê hy/sy lewe ver van die Here af, maar is nou gereed om Hom te volg, wat moet hulle nou doen? Is jy gereed om so iemand te help om daardie eerste tree te gee? Kom jy ooit in sulke situasies en wat doen jy dan?

6. Ons sien dat die deurbraak in die natuurlike omstandighede wat Simon ervaar het ook gelei het tot radikale geestelike veranderinge in sy lewe. Hy het beweeg van iemand wat glad nie vertroue gehad het in sy eie spiritualiteit nie (v8) na iemand met groot geestelike vrymoedigheid (v10-11, Matt 16:13-19, Hand 2:14). Deur ander mense te help om persoonlike oorwinnings te behaal, maak ons dikwels die deur vir die Here oop om radikale veranderinge in hulle lewe te bring. Saam met wie vertrou jy tans die Here vir so ‘n deurbraak deur saam met hulle te bid of op ‘n praktiese wyse hulp te verleen?

Week 5: Kultuurskok

Ons leef in ‘n samelewing wat toenemd post-Christelik raak. ‘n Samelewing wat klaar is met die Christendom - soos in Europa grootliks gebeur het. ‘n Samelewing wat sy eie waardes ontwikkel op grond van veral ‘n toenemde materialistiese tydsgees. Ekonomiese filosofie en realtiete is deurslaggewend. Daar is toenemende klem op plesier, vermaak, opwinding en “instant gratification”. Ek wil dit alles hê en ek wil dit nou hê, ek wil nie wag daarvoor nie. Etiese waardes het relatief geword tot my eie behoeftes en begeertes. Die kultuur van ons tyd skok dikwels ons volgelingskap van Jesus in sy wese.

Hy het ons gered uit die mag van die duisternis en ons oorgebring onder die koningsheerskappy van sy geliefde Seun. Kol 1:13 NLV

Elke Jesus-volgeling moet leer wat lewe in die koninkryk van God inhou, dit moet ontdek word:

“God se koninkryk is soos ’n skat wat in ’n stuk grond weggesteek lê. Iemand kry dit daar, maar steek dit dadelik weer weg. Oorstelp van blydskap gaan verkoop hy alles wat hy het, en koop daardie stuk grond.” Mat 13:44 NLV

Die lewenstyl van ‘n gelowige moet die beginsels van die koninkryk van God reflekteer. Die kultuur van die koninkryk van God word gereflekteer in ‘n gelowige in die taal, klere, eetgewoontes, gebruike, waardes ensovoorts. Dis nie altyd voor die handliggend nie en daar moet vir twee uiterstes gewaak word:

- Waar jy jou so **onttrek** van die wêreld dat jy heeltemal lewensvreem word. Jy kan glad nie meer connect met nie-Christene nie. Jy het so ‘n Christelike soort taalgebruik aangeleer dat nie-volgelinge nie meer tuis voel in jou geselskap nie, en jy ook nie by hulle nie.
- Waar jy so **deel raak** van die wêreld dat daar nie meer ‘n onderskeid is nie. Niemand weet eintlik dat jy ‘n volgeling van Jesus is nie, hulle sou dit in elk geval nie kon agterkom uit jou leefwyse nie.

Die Christelike lewe is een van balanse, nie louheid of gemiddeldheid nie. Radikaal uitverkoop aan Jesus, passievol oor Jesus, maar nie ekstreem of eensydig. Veral nie veroordelend nie. Die hoofkenmerk sal die liefde van Jesus Christus wees, en watter liefde het Jesus nie gehad nie! Wanneer jy so oorweldig raak deur Jesus en sy liefde vir jou sal jy nie net in aanbidding voor Hom neerval nie, maar sal jy die begeerte hê om ander ook so lief te hê. Jy sal jouself nie kan help, dit sal jou dring na elke vorm van swakheid, pyn, leed, gebrokenheid of tekortkoming wat ander mag beleef.

WELKOM

Laat elke groeplid vertel – wie is die beste/snaaksste/swakste akteur ooit, hoekom sê jy so?

WORSHIP

"Our entire being is fashioned as an instrument of praise. Just as a master violin maker designs an instrument to produce maximum aesthetic results, so God tailor-made our bodies, souls and spirits to work together in consonance to produce pleasing expressions of praise and worship. When we use body language to express praise, that which is internal becomes visible."

"A Heart For Worship" by Lamar Boschman.

Worship hierdie week saam met die dvd soos opgeneem deur Vredelust 'worship team'

WOORD, BEDIEN MEKAAR EN WêRELD

Lees Rom 12:1-2 DB

1 Ek wil nou 'n baie ernstige versoek tot julle rig. Ek doen dit omdat julle begryp hoe baie God vir julle omgee. Gee julle hele lewe aan Hom. Julle moet lewende offers in God se hand wees. Staan voltyds in sy diens, vier en twintig uur per dag. Dan maak julle God se hart sommer baie bly. 'n Lewe wat afgesonder is vir God is presies waaroor godsdiens gaan. As julle verstaan wat Hy alles vir julle gedoen het, kan julle mos nie anders as om Hom met julle hele lewe te dien nie.
2 Moenie tuis raak in hierdie wêreld met al sy boosheid nie. Nee, laat God julle van binne af nuutmaak. Laat Hy julle manier van dink verander sodat julle kan weet wat Hy van julle verwag. Dan sal julle ook weet wat sy wil is en hoe julle julle lewe elke dag aan Hom moet oorgee.

1. Leonard Sweet skryf in sy boek *SOUL TSUNAMI* die volgende: "A sea change of transitions and transformations is birthing a whole new world and a whole new set of ways of making our way in the world." 'n Nuwe kultuur waarin mense alledaags moet leef is as't ware gebore. Probeer 'n paar eienskappe van die nuwe kultuur teenoor 'n sg Christelike kultuur noem.

Dit raak al moeiliker om die kultuur van die tyd en die Christelike lewenswyse te onderskei – dit het dieselfde geword. Kerk en staat is nie meer in een bed saam nie. Dis ontwrigtende tye waarin min of meer geen sekerhede bestaan nie. Die invloed van die kerk is ernstig onder verdenking.

2. Die storms van die tsunami het geskuif van post-modernisme tot post-christenheid tot globalisering. Daar is (veral) jongmense wat in 'n totale nuwe wêreld leef. Dis asof 'n spirituele verhuising uit die kerk aan die gang is. Mense glo in die God van die kerk, maar die kerk van die God loop leeg. Resoneer dit met jou ervaring van die mense rondom jou in jou werkplek en gemeenskap?

Reflekteer veral oor mense se siening van spiritualiteit. Word daar nie al meer gepraat oor EEN spiritualiteit en EEN (en dieselfde) God vir alle godsdienste/gelowe nie?

3. Watter implikasies het dit alles vir die kerk?

Die vraag is of die kerk tred gehou het met die veranderinge en of die sg Christelike kultuur effektief genoeg infiltreer het in die nuwe Westerse kultuur? Die meeste mense se opvattings is dat die kerk agter geraak het en impak verloor het in die wêreld van die "gewone mens". Dit is amper soos iemand in die kerk skryf: "Ons het 150 jaar tyd gehad om wakker te word – WELCOME TO THE REAL WORLD!"

4. Hoe sou julle die kerk kon help om vandag effektief te bedien?

Help die plaaslike gemeente om die konteks so noukeurig moontlik te bepaal en die onmiddellike gemeenskap daarby te betrek. In die tyd van die digitale kultuur waarin mens jou bevind sal die waarheidsboodskap in 'n vars en nuwe ontmoeting moet gebeur. Nuwe taal en uitdrukkings van geloof sal oa gevind moet word. Mense word veel meer blywend beïnvloed deur ervaring as deur een-rigting preke.

5. Die paar skuiwe wat hierbo genoem is het tog ook sekerlik 'n invloed op hoe ons as individue en lede van selgroepe moet help om God se koninkryk as medewerkers te bou. Dalk moet die maniere hoe ons liefhê verander of dalk moet ons evangelisasie-styl aangepas word? Watter benadering vind julle is deesdae die beste manier om God se liefde in die nuwe kultuur (wêreld) te leef?

Eerstens moet ons onsself vra hoe ons "connected" is met mense wat niks weet of wil weet van die Christelike kultuur nie. Die punt is as die konfronteringstyl uitgedien is moet ons ander maniere vind om Christus aan mense voor te stel. Bv deur intense tydsame belangstelling en vriendskappe dalk??

6. Kinders van God voel soms asof hulle hulself in 'n vyandige kultuur bevind. Praat die Bybel dan nie ook van "in die wêreld", maar nie "van die wéreld" nie? Dit is soms 'n fyn lyn, omdat Christene in die verlede meermale onttrek het en nie deelgeneem het aan transformasie nie. Wat is die een ding wat kan help om elke dag 'n impak te hê binne die sg nuwe wêreldse kultuur?

Fil 2:5 verwys daarna om dieselfde gesindheid as Christus te hê. 'n Onbaatsugtige en onselfsugtige lewenstyl met 'n Christus-hart het nog nooit enige iemand skade gedoen nie – inteendeel, dit het nog altyd mense laat dink en vra vrae en navolg!

Week 6: Een

In ons wêreld is baie en groot getalle belangrik. Meer is beter. Dit geld in sport, finansies, politiek, ontspanning, selfs kuns; trouens, dis belangrik in omtrent elke denkbare wêreld. Meer punte, meer geld, meer toeskouers, meer borge. In Lukas 15 kom Jesus egter en sê dat een belangriker as 'n klomp is:

"Net so sal die hemel blyer wees oor een sondaar wat tot inkeer kom as oor 99 ander wat regverdig is en nie afgedwaal het nie!" Luk 15:7

'n Mens word gewoonlik oorweldig deur al die probleme in die wêreld: miljoene wat nie vir Jesus en die God van die Bybel ken nie, miljoene wat in armoede vasgevang sit, miljoene wat mishandel word en teenoor wie onreg gepleeg word. Dis genoeg om mens moedeloos te maak en te dink dat die probleme van die wêreld te groot en te veel is om by betrokke te raak. En daarom doen ons maar liewers niks.

Dis belangrik om te weet dat iets soos armoede 'n gesig het. Armoede het 'n naam en daar word van jou gevra om net hierdie een naam te leer ken. Een persoon is genoeg om by betrokke te raak. Jy hoef nie al die probleme van die wêreld te dra nie. Begin om in een persoon se lewe 'n verskil te maak. En daar sal blydskap in die hemel daaroor wees.

What is the Power of One?

If each of us becomes aware of our own power when it comes to energy efficiency, and use it properly, we can collectively make a big difference. To ourselves, to our pockets, and to the environment. By taking individual responsibility and changing our behaviour in small ways every day, we'll help save energy while we save money too. **All we have to do is recognise our power, and use it. That's what the Power of One is all about.**

What kind of love can conquer disease.
And change the world. And change the world?
What can I do to make poverty history.
And change the world. And change the world?
Let me be the ONE. To start a revolution.
Let me sing my song to the people of the world.
To the children of the world.
It all begins with...
ONE THE POWER OF ONE.
JOINING THE HUNDREDS OF MILLIONS OF PEOPLE BELIEVING IN ONE.
THE POWER OF ONE. DON'T HANG AROUND. STAND UP OR SIT DOWN.
AND BELIEVE WE CAN CHANGE THE WORLD TOGETHER
WE CAN CHANGE THE WORLD TOGETHER

Please don't close your eyes
Please don't turn away. Let your voices rise.
Put love on display. And make a difference now.
I believe you and me. Can make a difference now.
Oh oh oh. Oh oh oh Oh oh oh It all begins with ONE

Israel Houghton *The Power of One*

WELKOM

Bumper sticker – Deel die groep op in twee spanne. Gee elke span 3 minute om te "brain-storm" met die opdrag: "As Noag of Moses 'n bumper-sticker op sy donkie se boud moes plak, wat sou dit sê?" Gee 'n prys vir die span wat met die beste sê-ding vorendag kom.

WORSHIP

C.S. Lewis - *"It is in the process of being worshipped that God communicates His presence to men."*

Lees 'n kort uittreksel uit die Bybel voor wat oor Jesus gaan en vra elke groeplid om sy/ haar eie kort psalm/gedagtes te skryf na aanleiding van die voorlesing. Laat elkeen toe om hul psalms voor te lees en gee geleentheid vir gebede in reaksie op die voorlesings.

WOORD

Ons lees in Lukas 9 hoe Jesus sy Dissipels wou leer hoe om 'n reusagtige situasie te hanteer.

Luk 9:12-17 *"Late in the afternoon the Twelve came to him and said, "Send the crowd away so they can go to the surrounding villages and countryside and find food and lodging, because we are in a remote place here." He replied, "You give them something to eat." They answered, "We have only five loaves of bread and two fish—unless we go and buy food for all this crowd." (About five thousand men were there.) But he said to his disciples, "Have them sit down in groups of about fifty each." The disciples did so, and everybody sat down. Taking the five loaves and the two fish and looking up to heaven, he gave thanks and broke them. Then he gave them to the disciples to set before the people. They all ate and were satisfied, and the disciples picked up twelve basketfuls of broken pieces that were left over."*

5000 mans en dan nog vrouens en kinders ook moet almal kos kry… dit is 'n reusagtige probleem. Plaas jouself in die skoene van Petrus en die manne…

1 . Wat sou jy voel en dink as Jesus vir jou sê: "Begin die bietjie wat ons het vir hulle uitdeel?"

2. Hoe sou jy voel of wat sou jy dink toe jy sien dat dit net nie opraak nie?

3. Wat sou jou gevolgtrekking wees oor Jesus en God aan die einde van daardie dag?

4. Hoe sou dit dit wat jy nou oor Jesus en God weet jou lewe verander?

[Selleier: ons wil hier uitkom dat GEEN reus vir God te groot is nie.

Mat 19:26: Jesus looked at them and said, *"With man this is impossible, but with God all things are possible."*]

WêRELD

In die jaar 2000 het daar ‘n fliek vertoon met die naam “Pay it Forward”. In die fliek het ‘n 12-jarige seun, Kevin Mckinney (gespeel deur Haley Joel Osment), so geglo in die goedheid van die mensdom dat hy ‘n plan uitgedink het wat die wêreld kan verander. Die plan was baie eenvouding. Eintlik so eenvoudig dat die ander kinders en die onderwyser (gespeel deur Kevin Spacy) vir hom in die mou gelag het. Maar hy het sy plan in **aksie** gesit en sy plan het ‘n reuse uitwerking gehad in sy gemeenskap en baie lewens verander.

Die plan: Dit is eenvoudig! Al wat jy hoef te doen is een goeie daad aan een persoon. Die persoon mag jou nie vergoed vir die guns nie, maar moet onderneem om iets goed te doen vir iemand anders, wat dan iets goed moet doen vir ‘n volgende persoon. [Die plan is so eenvouding dit laat dink mens amper aan die eenvoud van Dawid se wapens teen Goliat…]

Vir bespreking:

1. Wat het vir Kevin aangespoor om hierdie plan uit te dink?
   [selleier: kom uit by hoe injustice hom aangeraak het, sy droom vir ‘n beter wêreld, ens.]

2. Baie van sy klasmaats en selfs sy onderwyser het gedink hy droom te groot en sy metode is te eenvouding. Wat sou jy dink?

3. Wat is die basis van sy plan?
   [selleier: as **almal** net aan een ‘n verskil wil maak...]

4. Watter “reuse” staar ons vandag in die gesig?

5. Dink aan een persoon aan wie se lewe jy graag nou, met die eenvoud en bietjie wat jy het, ‘n verskil wil maak. Wanneer gaan jy dit doen?

BEDIEN MEKAAR

Dalk is daar mense in jou groep wat ‘n guns of twee of dalk ‘n wonderwerk wat te groot lyk vir julle nodig het. Nooi hulle uit tot vrymoedigheid om dit te deel met jou groep. Bid saam en gaan oor tot aksie soos die Heilige Gees julle lei...